Januarie 2007

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Ek het begin om 'n foto-album van Kerkplein voor 1900 te maak. Ek probeer om dit wat op elke foto gesien kan word te beskryf. Veral by die ouer foto's is dit baie moeilik. So het ek op die oudste afbeelding van Pretoria afgekom. Dit is 'n potlood- en waterverf-skildery van Marianne Churchill.



Bostaande is 'n afbeelding van die skildery wat in die Kunsmuseum in Pretoria is. Ek het die kleur bietjie verander om dit duideliker te maak, maar ongelukkig in die proses baie van die oorspronklike skoonheid van die skildery verloor. Voorbeelde van die skildery kan in die volgende boeke gesien word: All-01 p4; Bol-01 p3; Chi-01 p74; Eng-01 p16 en Eng-04.

Marianne se broer Joseph Fleetwood Churchill en sy vennoot Alfred Winters Evans het in 1850 na Suid-Afrika gekom. Onder die naam Evans & Churchill het hulle winkels in Durban, Pietermaritzburg, Mooi Rivier Dorp [Potchefstroom] en Pretoria gehad. Die venootskap is in 1861 ontbind. Marianne het in 1854 van Engeland gekom om vir haar broer in Port Natal huis te hou en het hom later op een van sy togte na die binneland vergesel. Van die briewe wat sy geskryf het tesame met haar broer se dagboek en briewe het bewaar gebly en is in 1978 uitgegee as "A Merchant family in early Natal: Diaries and letters of Joseph & Marianne Churchill" [Chi-01]. Saam met haar briewe het Marianne ook baie interessante sketse aan die familie in Engeland gestuur.

Aan die einde van Mei of begin van Junie 1856 vertrek Joseph na die binneland. Volgens 'n brief wat hy aan sy broer William geskryf het, het hy op die 3de Julie in Mooi Rivier Dorp aangekom. Twee weke later vertrek hy na Pretoria. Hy beskryf dit as 'n "New Dorp lately begun about a hundred miles E.N.E. from Mooi River Dorp and so named after General Pretorius. Stayed at Pretoria at the house of one of our Traders, waiting until he was ready to go into the Interior. At present the Church is but half built and there are only two or three houses, but as it stands in about the middle of the Transvaal Republic I think it likely to become a good Trading Station. All Wagons from the Interior must come through it or close by it" [Chi-01 p75].

Op die 7de Oktober doen hy weer by Pretoria aan op pad terug na Mooi Rivier Dorp. Hy meld dat die kerk nou amper voltooi is en dat nog 'n huis gebou is [Chi-01 p83]. Na 'n afwesigheid van ses maande is Joseph op 18 Desember 1856 weer terug in Pietermaritzburg.

Dus teen die einde van Julie 1856 was daar reeds begin om die kerk te bou en in die begin van Oktober 1856 was dit amper klaar. Volgens Rex [Rex-03 p242] het Joseph

Churchill tuisgegaan by Henry Austin. Sy huis is heel links op die foto en nie op Kerkplein nie, maar wel in Kerkstraat op erf nommer 319. Austin sou later Evans & Churchill se winkel/huis koop en dit het toe bekend gestaan as die Austin-huis.

Marianne vertrek op 31 Oktober 1857 na die binneland. Dit is ongelooflik interessant om haar beskrywing van die reis te lees. Dit was ‘n groep van vier waens wat saam getrek het. Meneer Ablett wat die groep gelei het het geweier om op Sondag te trek. Sy skryf daaroor as volg: “Though not approving entirely of lying still the whole day, yet …. This day of rest seems to bring the spirits down from their state of angry excitement to a proper level [to] enjoy thoroughly the beauty of the scene around … Surely no temple is needed here to keep up the doctrine of religion, nothing can be more suitable or beautiful than nature’s own edifice, ornamented with its own pillars all adorned with green and possessing its unlimited choir of songsters with sweeter notes than ever proceed from the Cathedrals and places of worship we are wont to attend” [Chi-01 p105].

Hulle kom op 25 November 1857 in Potchefstroom aan en gaan tuis by mnr. Reid, waar Marianne bly tot Maart 1858 toe die geselskap weer teruggekeer het na Pietermaritzburg. Haar broer Joseph en mnr. Reid gaan begin Februarie 1858 vir drie weke na Pretoria en keer die begin van Maart weer terug. Marianne het nie saamgegaan nie.

Marianne was dus nooit in Pretoria nie. Dit word algemeen aanvaar dat sy in 1857 ‘n kopie gemaak het van ‘n skildery wat in mnr. Reid se huis gehang het. Ek wonder net of die kopie nie in 1858 gemaak is na Reid se terugkeer van Pretoria nie.

Wie die kunstenaar van die oorspronklike skildery was is nie seker nie. Heel moontlik was dit mnr. Reid. Fredrick W. Reid was een van die Byrne-setlaars wat in 1850 in Suid-Afrika aankom op die skip die Emily. Daar bestaan vandag nog ‘n hele paar van sy skilderye [Chi-01 p117]. [Sommige skrywers spel dit verkeerdelik as mnr. Reed.]

Marianne se kopie van die skildery is in besit van die museum in Durban. Dit was opgevou en na die familie in Engeland gestuur in ‘n brief. Die voumerke kan nog op die skildery gesien word.

In die Kunsmuseum in Pretoria is daar ook so ‘n skildery. Dit is deur ‘n familielid van Marianne Churchill aan generaal Smuts geskenk en sy weduwee het dit na sy dood aan die Stadsraad van Pretoria oorhandig. Dit is nie seker of die skildery ook deur Marianne gemaak is nie. Agter op die skildery is die inskripsie “Copy of Aunt Marian’s picture of Evans and Churchill’s store on the site of Pretoria in 1857 and the Church and Captain Thibus’ house.” Op die voorkant van die skildery is in potlood geskryf “Fleetwood store” en “Capt Thaber’s House” [Bol-01 p13].

Die gebou met die oranje dak in die middel van die skildery is die winkel van die firma Evans & Churchill [poskantoor-hoek]. Ons weet dat die venootskap bekend gestaan het as Evans & Churchill maar moontlik is daar in die omgang gepraat van Fleetwood se winkel. Dit was Joseph se tweede naam. In geen ou koerant word daar van die besigheid melding gemaak nie. Die wit gebou regs van die boom is die pas voltooide kerk op Kerkplein.

Niemand kon nog ooit ‘n kaptein Thaber of Thibus opspoor nie. Die enigste kaptein in ou Pretoria was Kaptein Marinus Struben. Kaptein Johan[n] Herman Marinus Struben [1806 – 1869] was in diens van die Nederlandse oorlogsvloot, het later kaptein in die handelsvloot geword, en trou in 1838 met die dogter van ‘n Skotse skeepseienaar,

Frances Sarah Beatlie. Hy ontvang Britse burgerskap in 1846, vestig hom met sy gesin in Natal [1850], en word hoofmagistraat in Noord-Natal te Ladysmith.

In 1854 sterf sy vrou. Hy hertrou met Catharine Anderson [1955] en vestig hom in Pretoria waar hy belangrike poste in die Transvaalse owerheidsdiens beklee, nl. Volksraadslid, Staatsprokureur en Weesheer [Plo-02 p117].

Daar bestaan ‘n groot wanopvatting, nl. dat die huis regs van die kerk [wat later die Pretoria Klub word] die huis van Kaptein Struben was. Volgens Rex [Rex-03 p246] het die erf in 1859 behoort aan Eizel of moontlik G.E. Izel. Hy het dit aan H.W. Struben, die seun van Kaptein Struben, verkoop wat ‘n huis daar gebou het. Die huis in die skildery is moontlik die huis van Vermeulen wat in die omgewing gstaan het.

Die erf wat wel aan Kaptein Marinus Struben behoort het was erf nommer 320 aan die noordekant van die huidige poskantoor. Hy het die erf vroeg in 1857 gekoop en in 1859 ook die twee aangrensende erwe in Vermeulenstraat. Of hy die huis op die erf gebou het en of daar reeds ‘n huis op die erf was toe hy dit gekoop het is nie seker nie. Op hierdie erf het Kaptein Struben vir baie jare gewoon en sy winkelbesigheid bedryf [Rex-03 p244]. Dit is die huis regs van die Churchill & Evans winkel.

Groete tot volgende maand, Rosa Swanepoel

<u>Bronne Verwysing</u>

ALL-01 Allen, Vivien. **Kruger's Pretoria.** A.A. Balkema. Kaapstad. 1971.

BOL-01 Bolsmann, Eric. **Pretoria Artist's Impressions 1857-2001.** Protea Boekhuis. 2001.

CHI-01 Child, Daphne [Ed]. **Merchant Family in early Natal.** A.A. Balkema, C.T. 1979.

ENG-01 Engelbrecht, S.P. [Dr.]. **Eeufees-Album. Pretoria se eerste eeu in Beeld.** J.L. van Schaik Beperk. Pretoria. 1952.

ENG-04 Engelbrecht, S.P. [Dr.]. **Pretoria 1855-1955.** Wallachs P. & P. Ltd. Pretoria.

PLO-02 Ploeger, Jan [Dr.]. **Nederlanders in Transvaal [1850-1950].** J.L. van Schaik Beperk. Pretoria. 1994.

REX-03 Rex, H.M. **Geskiedenis van die Eerste Ou Goewermentsgebou en sy Voorlopers in Pretoria.** M.A. Verhandeling. Universiteit van Pretoria. 1956.

STR-01 Struben, Roy. **Taken at the flood: The story of Harry Struben.** Longmans Southern Africa.